3 - 9 Feb 2019

Bergsig Bulletin

God verander lewens. Hy stuur ons om Sy liefde te leef deur ons verhouding met God, met mekaar, met onsself en met die wêreld. Dit is ons gemeente se roeping om hierdie 4 verhoudings volgens God se wil uit te leef.

Ons verhouding met God deur eredienste

Informeel 08:30
Ds. Charl du Plessis

Teks: Joh 3:22-34

Tema: Myne - of Syne?

Deurkollekte:
Spesiale Kollekte Tuniqua Versorgingsoord

Erediens 10:00
Ds. Charl du Plessis

Teks: Joh 3:22-34

Tema: Myne - of Syne?

Deurkollekte:
Spesiale Kollekte Tuniqua Versorgingsoord

Kruisdiens 18:00
Ds. Rudolph Grobler

Teks: Matt 16:24-28

Tema:
Kry 'n lewe

KOM KOFFIE-EN-KUIER SAAM VOOR DIE DIENS

Dissipelskapgroep

Indien jy belangstel om by 'n Dissipelskapgroep in te skakel – kontak ds.Charl du Plessis (083 286 3291)

Retraite

Die eerste Retraite wat aansluit by die Dissipelskapproses waarmee ons in die gemeente besig is, word vanaf 2-5 Mei te Shama (naby Steytlerville) aangebied. Enige persoon wat 'n behoefte het na 'n paar dae van wegbreek en stilword voor die Here is baie welkom om dit by te woon – ook al het jy dit in die verlede reeds bygewoon. Daar is nog enkele plekke oop. Kontak asb ds. Charl (083 286 3291) vir meer inligting.

#bergsigjeug

08:30
#kleuterkerk (3-6jr) &
#kinderkerk (Gr 1-7)
09:30
#ignite (Gr 8-10),
#belydenisgroep

"Kuier mekaar raak"

Vorms by die deure beskikbaar / gee jou info vir die kerkkantoor.

Hier is nou 'n wonderlike geleentheid om twee van die gunsteling goed te doen waarvan meeste Suid Afrikaners baie hou - om te **kuier, nuwe mense te ontmoet en om te eet**! Alles in een! As jy jou naam en kontak-detail op die vormpie plaas, deel ons jou in 'n groep saam met drie ander egpare / persone in. Julle besluit op 'n tyd en plek en eet en kuier elke kwartaal vir die res van die jaar by 'n ander persoon / gesin se huis. So leer ons mekaar ken en so eet ons lekker saam. **Waag dit!**

Alpha 2019

12 sessies + Alpha Saterdag
Dinsdae 18:30 – 20:15. Etes ingesluit.
Gratis! Kinderbediening beskikbaar.
Inskrywingsvorm & meer info in die Bulletin, by deure en op ons webblad

12 Feb - 21 Mei

Siekes in die gemeente (a-z) Dra mekaar se laste en bid vir mekaar - Gal 6:28.

Alida Viljoen, Alta & Piet Oosthuizen, André en Anita Cornelissen, Annetjie Venter, Annie van Vuuren, Barry Dunbar, Brian Starke, Danie Gouws, Dirk Immelman, Dirk Louw, Gregory Gregg, Hannes Venter, Hennie & Dirkie Botha, Ina Vrolijk, Jeanette Coetzee, Johan Blaauw, Johan Compion, Johan Venter, John Levey, Juliana Muller, Kobus Parsons, Lana Barnard, Letitia Beukes, Linda Pretorius, Luckner Peda, Magdaleen Heydenrych, Maggie Neuhoff, Marus Strauss, Miems Jacobs, Otto van Vuuren, Philna Nelson, Pieter Lourens, Rina Müller, Trudie Gerber.

Seënwense aan die senior lidmate 80 jaar en ouer wat hul geboortedag herdenk:

Dinsdag 5 Februarie: Danie Visser.
Woensdag 6 Februarie: Toekie van Tonder.
Donderdag 7 Februarie: Jimmy Rademeyer.

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

Sondag 3 Februarie
Santie Duits, Matthys Fourie, Pieter Fourie, JF van der Linde.
Maandag 4 Februarie
Dirkie Botha, Talitha Cronjé, Retief Ehlers, Belinda Kriel, Anna Landman, Naomi Maasdorp, Tracy Vermeulen.
Dinsdag 5 Februarie
Nathan Best, Thinus Nel, Christelle Pretorius.
Woensdag 6 Februarie
Johannes du Toit, John Fletcher, Cobus Immelman, Nico Vos.
Donderdag 7 Februarie
Anita Coetzee, Genevieve Pretorius, Annalise Raschbichler, Magda Rossouw, Charné van der Westhuizen, Henry Venter, Wilna Viljoen, Henk Zonnestein.
Vrydag 8 Februarie
Elsa Basson, Liezl Jordaan, Lizelle Kitching, Marie Landman, Johann Truter.
Saterdag 9 Februarie
Daniël Els, Erika Gouws, André le Roux, Hannetjie Nell, Jaco Nortjé, Marna Oosthuizen, Susan Skar.

Sake vir voorbidding

* *Inkonteks: Venezuela*
* *Aanstelling van Jeugwerker*
* *Droogte in die Klein- & Groot-Karoo*
* *Alpha voorbereiding*
* *Hernuwing van GGO's*
* *Francois & Nadia Hattingh (Mosambiek)*

Kom bid saam

* *Di 17:30 in Gebedskapel*
* *Do 06:00 in Kerksaal*
* *SMS - gebedsgroep*
* *In die konsistorie 15 min voor die 1ste oggend Erediens & die 18:00 Kruisdiens*

Welkom by Bergsig!

Indien jy nuut in die gemeente is, vreemd voel, alleen is of sommer net met iemand wil gesels - maak gerus kontak met die persone wat jou verwelkom by die deur.

BASAARLYSTE IS BY DIE DEURE EN OP ONS WEBBLAD BESKIKBAAR.

ONS BENODIG DRINGEND GEWILLIGE HANDE & DONASIES. RAAK BETROKKE ASB!!

Wen 'n lam!

Staan 'n kans om 1 (van 2) verwerkte lammers te kry.
R20/ kaartjie. VRAAG: Hoe lank was Goliat?
NB: Jy MOET daar wees met jou kaartjie om te kwalifiseer!

Ons verhouding met die wêreld deur diens en getuienis

Francois & Nadia Hattingh besoek Bergsig (Sending Mosambiek)

Hul besoek die gemeente die naweek van 22-24 Feb, en sal So 24 Feb terugvoering gee aan die gemeente.
Francois sal steeds beskikbaar wees vir uitnodiging na kleingroepe die volgende week tot Do middag 28 Feb. Kontak gerus die kerkkantoor om afsprake te reël.

Francois & Nadia skryf:

Dis so goed om van ons broers en susters in Mwinikaland te hoor! Raja, die jongman wat ons deur skool en universiteit (ge)help (het) en my getroue dissipel met die geletterdheid was, het dié week die foto van sy gesinnetjie gestuur. Raja gaan steeds voort met die monitering van nuwe geletterdheidsklasse.

Bid asb vir die nuwe werk wat die week in 'n ander dorpie begin. Bid ook vir die Mwinika kerkie. Ons kollegas is weg tot Maart en hulle moet dus op hul eie voete staan en uitdagings trotseer. Dankie ook vir jul gebede vir ons kinders. Heidi is baie besig by die Media Village en geniet haar kursus, bid vir haar asb. Ons vertrek Vrydag om Franco weg te neem vir sy jaar kursus in die Oos Kaap. Bid vir ons seun se voorbereiding en aanpassing. Dit beloof om fisies en geestelik 'n groot uitdaging te wees!

HERNUWING VAN GGO's OP SO 24 FEB

Om 'n Geloofsgelofte offer vir wêreldsending (plaaslik tot aan die uithoeke van die wêreld) te maak, is 'n stuk geloofspad wat ons as gemeente biddend saam met God loop. Oor jare het die Here ons telkens verras en geseën met die nodige middele sodat ons sendelinge kon uitstuur en projekte kon aanpak om mense met die Goeie Nuus – die evangelie – te kon bedien. Vanweë beperkte middele kan baie van die behoeftes op die sendingvelde eenvoudig net nie aangespreek word nie. Bid asb saam dat daar genoegsame beloftes gemaak sal word sodat die werk waartoe God ons geroep het steeds gedoen sal kan word. Vanjaar mik ons na beloftes van meer as R750 000 sodat die steeds toenemende behoeftes aangespreek kan word.

Kom kuier saam!

Jy word hartlik uitgenooi om gesellig oor 'n koppie tee of koffie saam te kuier tussen ons oggend-erediense & voor die Kruisdiens. Kom geniet ook 'n heerlike pannekoek voor & ná die Informele Erediens (@R5)

VitaAmp OUERSKAPREEKS

Met Ds Rudolph Grobler

NG Bergsig: So 17 - Di 19 Feb

So 08:30 / 10:00 & 18:00, Ma & Di 18:00

Kinderoppasdiens beskikbaar elke aand in die Jeuglokaal vir 3 -12jariges.

Gemeente Admin en Algemene Inligting

Dagboek

So 3 Feb "**Kuier mekaar raak**" begin
Ma 4 Feb DIENSGROEPE: **Getuienis** 17:30, **Gemeentebediening** 17:30
Wo 29 Jan **Alpha Taakspan** 17:30
Wo 6 Feb **Projekspanne** vanaf 17:30
So 10 Feb **Heroldsbaai Erediens** om 18:00 & gemeentepiekniek.

Ma 11 Feb DIENSGROEPE: **Seniorbediening** 10:00, **Barmhartigheid** 17:30
Di 12 Feb DIENSGROEP: **Eiendom** 17:30; **Alpha 1** 18:30
Wo 13 Feb **Streekskerkraadsvergaderings** 17:30
Do 14 Feb **Seniorbediening** (sosiaal) beplanningsvergadering 10:00
So 17 - Di 19 Feb **OUERSKAPREEKS - VitaAmp** met Ds Rudolph Grobler

Wil jy meer uitvind oor ons Gemeente en waar jy kan inskakel ?

INLIGTINGSPAKKET & 2019 KALENDER is beskikbaar by al die deure. Neem gerus en lees meer oor ons Gemeente en aktiwiteite. Al die inligting is ook op ons **WEBBLAD** beskikbaar. Persone is in die saal, tussen die eredienste, beskikbaar om jou hartlik **WELKOM** te heet en jou tuis te laat voel. Indien jy wil inskakel by NG George-Bergsig-gemeente, kontak gerus die kerkkantoor / vul 'n **NUWE LIDMAAT** vorm in, beskikbaar by die deure. Ons weeklikse **BULLETIN** is reeds Vrydae op ons web- en facebookblad asook Sondae by die kerkdeure beskikbaar.

In geval van **LIEF & LEED** (die aankoms van 'n baba, siekte, trauma of dood in die gesin) of enige ander kwelling, tree gerus in verbinding met jou leraar of skakel die kerkkantoor. Om 'n **AFSPRAAK** of **HOSPITAALBESOEK** te reël, skakel asb die leraars direk.

PREEKOPNAMES is beskikbaar op die webblad / op CD - bestel by die kerkkantoor @R20.

*Kerkkantoor: Ma - Vry 08:00 - 13:00 * TEL: 044 871 1338 * EPOS: admin@george-bergsig.co.za*
*FACEBOOK: NG George-Bergsig * WEBBLAD: www.george-bergsig.co.za * FAKS: 044 871 4969*

Bank besonderhede:
NGK George-Bergsig, BANK: ABSA. TAK: 632 005.
REK: 890 580 009. VERWYSING: Van & waarvoor.
Epos die bewys asb na finans@george-bergsig.co.za.
Dankofferkoeverte by kerkdeure en die kerkkantoor.

Leraars:
Ds. Charl du Plessis: 044 871 1379, 083 286 3291
Ds. Anton Louw: 044 871 1212, 083 286 3292
Ds. Hannes Pretorius: 044 873 5413, 084 456 0401
Ds. Rudolph Grobler: 044 871 5611, 082 820 9899